**21 PALESTYNSE GEBIEDE** Terwyl die eerste week van Ramadan tot ŉ einde kom, bid dat God se liefde en genade voortdurend geopenbaar sal word aan almal wat Hom met hulle hele harte soek.

**22 MIDDE-OOSTE** In Moslem-samelewings, gedurende Ramadan, kyk Moslems neer op Christene omdat hulle nie vas nie. Dit lei ook na teistering (selfs geweld) in die strate, by die werk of by die skool. Bid vir vredegevulde harte vir Christene en dat die Here vir hulle wysheid sal gee om te weet hoe om in die komende weke op te tree.

**23 OOS- EN WES-AFRIKA** Bid dat die oë van die blindes sal oopgaan gedurende Ramadan. En dat Moslems Jesus as die Koning van die konings sal sien, wat gekom het "om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit is" (Jesaja 61:1).

**24 BROENEI** Bid vir God om nuwe Christene soos Victoria* in wysheid te lei. Sy, en baie ander, is steeds geheime gelowiges en ervaar veral Ramadan as ŉ moeilike tyd, vanweë al die Moslem-rituele en gebruike wat waargeneem word.

**25 BANGLADESJ** ŉ Paartjie in Bangladesj, Abu* en Sufia*, beplan om uit te reik na hulle Moslemgemeenskap gedurende Ramadan. Bid dat hulle veilig sal wees, maar ook vrugbaar. Bid ook vir ŉ groep plaaslike gelowiges in die area om veilig, en sonder vrees, God te kan aanbid gedurende Ramadan.

**26 TURKMENISTAN** Hadija* se Moslemman forseer haar om gedurende Ramadan te bid en te vas. Hy weet nie dat Hadija ŉ Christen geword het nadat ŉ vriendin, gedurende een Ramadan, die Evangelie met haar gedeel het nie. Bid vir Hadija se veiligheid, en vir baie ander soos sy, gedurende Ramadan. Mag hulle geliefdes Christus leer ken deur hul lewende getuienisse.

**27 SUIDOOS-ASIË** Moslems wat na Christenskap bekeer ervaar baie probleme om hul kinders as Christene groot te maak. Hulle word geforseer om hul kinders in publieke skole te sit, waar hulle die Koran geleer word. Bid dat gedurende dié maand van vas, God vir hierdie kinders krag en wysheid sal gee, namate hulle dalk baie druk sal ervaar van ander Moslemkinders wat vas.

**28 KAZAKSTAN** Roman*, ŉ toegewyde Moslem, het op een Ramadan-dag besluit om ŉ kerk te besoek en te sien wie die verraaiers van Islam is en dan moeilikheid te maak. Maar toe hy



Bid dat God baie Moslems na die kerk sal lei gedurende Ramadan, en dat hulle ook gered sal word.

**KAZAKSTAN vervolg**
eers binne die kerk was, kon hy nie weer uitloop nie en het hy sy lewe vir Christus gegee. Bid dat God baie Moslems na die kerk sal lei gedurende Ramadan, en dat hulle ook gered sal word.

**29 TSJETSJNIË** Verlede jaar, voor Fatima ŉ Christen geword het, het sy vir meer as vyf jaar aan depressie, vrees en nagmerries gely. Nou wil sy graag sien dat haar ouers ook vir Christus leer ken. Bid dat God, Fatima se lewe en haar gebede sal gebruik om baie mense nader aan Hom te bring. Bid vir ŉ deurbraak gedurende hierdie Ramadan.

**30 SUIDELIKE FILIPPYNE** Een van die grootste vrese wat die Kerk in die Suidelike Filippyne het, soos vertel deur ŉ plaaslike Christen, is, dat "As die Kerk nie uitreik na Moslems nie, dan sal die Moslems uitreik na hulle." Bid dat gedurende Ramadan, God wysheid aan Christene sal gee om uit te reik na hul Moslembure.

**31 MALEISIË** Bid vir ŉ Christenpaartjie wat tans studeer om hul kennis oor die Bybel te verdiep. Hulle beplan om saam met hul Moslemfamilie en vriende te vas tydens hierdie Ramadan, sodat hulle die geleentheid sal hê om Jesus met hulle te deel.

*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsdoeleindes.


**Geopende Deure**
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

**Posbus 1771, Cresta, 2118**
**T** +27 11 888 9341 | **F** +27 11 888 9362
**E** southafrica@od.org | **I** www.opendoors.org.za

@opendoorssa
Open Doors South Africa
open_doors_sa


**Geopende Deure**
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

# GEBEDSKRYGERS FLITS

**SPESIALE UITGAWE | RAMADAN | 15 MEI tot 14 JUNIE 2018**



**"Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra." –Jeremia 29:12-13 (1983)**

**Mei 2018**

**1 MEXIKO** In party gemeenskappe in Mexiko is daar spanning tussen die inheemse oortuigings en Christenskap. Bid dat gelowiges in staat sal wees om Christus se alomvattende liefde aan diegene, wat aan inheemse oortuigings vashou, te kan bewys.

**2 COLOMBIË** Baie pastore vrees dat bendes, wat se hoof-aktiwiteit dwelmhandel is, hul kinders sal ontvoer omdat die pastore die bendes se kwaadwillige aktiwiteite veroordeel. Bid dat hierdie pastore nie geïntimideerd sal wees nie, maar sal aanhou om te preek. Bid ook vir die beskerming van hul kinders.

**3 INDONESIË** Bid vir die regering om doeltreffend te wees in die bevegting van bedreigings vanaf Islamitiese ekstremiste. Bid ook dat, deur die opleiding aangebied deur Geopende Deure, die Kerk met liefde sal reageer teenoor enige haatspraak teen Christenskap, en glorie aan God sal bring.

**4** ꞌn Onlangse opname onder universiteitstudente het aangedui dat 25% saamstem dat dit die moeite werd is om vir Islamitiese Staat-ideologie te veg, en dat hulle ꞌn kalifaat in Indonesië sal verwelkom. Bid vir God se leiding om die Kerk in Indonesië te bedien, inaggenome hierdie openbaring.

**5 SIRIË** In party gemeenskappe in Sirië is die Kerk die enigste gesagstruktuur wat oorgebly het. Bid vir wysheid vir kerkleiers, namate gemeenskappe na hulle en die Kerk kyk vir leiding.



Bid vir wysheid vir Siriese kerkleiers, namate gemeenskappe na hulle en die Kerk kyk vir leiding.

**6 TUNISIË** Bid asseblief vir ꞌn jong vrou genaamd Fatma* – sy is baie swaar deur haar familie vervolg en probeer nou om weer ꞌn lewe vir haarself te begin, maar dit is moeilik. Bid vir volkome genesing vir Fatma.

**7 GUINEE** Bakary (in sy 60's) het sy vrou en kinders verloor nadat hy besluit het om ꞌn Christen te word. Hy staar nou diskriminasie by die werk in die gesig. Bid dat Hy sal ervaar hoe die Here hom bemoedig en hom staande hou in sy geloof.

**8 ETHIOPIË** Toe Boja ꞌn Christen geword het en geweier het om terug te keer na sy dorpie se tradisionele oortuigings, het die dorpsmense hom aangeval en vir dood agtergelaat. Bid vir Boja om aan te hou om in Christus te groei te midde van die vervolging – mag hy sy eie, en die dorpsmense, se vrese met Jesus se liefde oorwin.

**9** Lemlem (55) was geforseer om te vlug nadat sy ꞌn Christen geword het – mede-dorpenaars het vir haar gesê dat hulle haar sal doodmaak oor haar geloof. Bid vir die Here se voortdurende beskerming en voorsiening vir haar.

**10 IVOORKUS** Baie mense in Ivoorkus is vasgevang in tradisionele gelowe, maar die Here bring voortdurend mense uit die duisternis en na Sy wonderlike lig! Bid dat God die getuienisse van die wat gered is, sal gebruik om baie ander tot geloof in Hom te bring.

**11 IRAK** In Irak daal die getal Christene elke jaar, wat kommer veroorsaak oor die toekoms van Christenskap in die land. Bid dat God genade sal hê vir al die mense agter die dade wat getroue Irakkese burgers verdryf vanuit hul dorpe waar hulle al vir eeue lank woon.

**12 LIBIË** Bid asseblief vir ꞌn vroulike Libiese gelowige, Nasrat*. Sy word deur die plaaslike owerhede dopgehou en is baie bang dat sy fisiek seergemaak gaan word oor haar geloof. Bid vir haar beskerming en vir wysheid om die situasie te hanteer.

**13** Bid vir John wat vir ꞌn aantal dae ontvoer was. Hy het baie gesukkel om weer met sy normale lewe aan te gaan. Bid dat die Here sy lewe op ꞌn wonderbaarlike manier sal herstel.

**14 KOEWEIT** In Koeweit is dit onwettig om Moslems te evangeliseer. Bid vir God se beskerming vir die talle evangeliste wat die liefde van Christus met Moslems in hierdie nasie deel.



Bid vir die beskerming van Christene tydens Ramadan, siende dat spanning baie hoër kan wees gedurende hierdie maand van vas.

**RAMADAN BEGIN**

**15 WÊRELDWYD** Bid dat Jesus Homself aan baie Moslems sal openbaar in visioene en drome, terwyl hulle vas gedurende Ramadan. Bid ook vir die beskerming van Christene, namate spanning baie hoër kan wees gedurende hierdie maand van vas.

**16 MALEDIVE** Die Maledive is ꞌn land wat baie geslote is vir die Evangelie. Ramadan is egter ꞌn goeie tyd om Moslems by geloofsgesprekke te betrek. Bid vir God se beskerming en wysheid vir ꞌn paartjie, Mark* en May*, terwyl hulle poog om Sy liefde met Moslems te deel gedurende hierdie Ramadan.

**17 SOMALIË** In Somalië floreer djihad-groepe wat bande met Al-Qaeda het. Hulle hou Ramadan-vieringe fyn dop, en vervolg enige iemand wat daarvan verdink word dat hulle nie deelneem nie. Bid veral vir die beskerming van geheime Christene gedurende Ramadan.

**18 NOORD-AFRIKA** Bid vir Christene in Noord-Afrika wat Moslems sal teëkom wat gedurende Ramadan opsoek is na die waarheid – mag hulle geseënde gesprekke met hierdie Moslems hê.

**19 ALGERIË** In Algerië het die druk op Gelowiges vanuit ꞌn Moslemagtergrond in die afgelope jare toegeneem. Bid dat God vir hulle krag en wysheid in hierdie weke van Ramadan sal gee, wanneer die druk vanaf hul families, om terug te keer na Islam, mag verskerp.

**20 MOSLEMWÊRELD** In sommige lande, gedurende Ramadan, word Christene deur Islamiete geïntimideer met baie vrae oor hul geloof. Bid dat God vir hierdie Christene die regte antwoorde sal gee en die regte gesindheid teenoor die wat hulle ondervra.